# Herdenk

**Huisgeloof- en groeigroepmateriaal**



Sondag 15 Maart 2026
Tema: **(Dis)Connect**




**INLEIDING:**

Kwartaal temas 2026

| **Kwartaal** | **Fokus** | **Detail** | **Sosiaal** |
|---|---|---|---|
| Kwartaal 1 | Herdenk | Ou testament + Lydenstyd | Bybelse ete |
| Kwartaal 2 | Herinner | Geloofsbelydenis Reeks | C-Fees |
| Kwartaal 3 | Herstel | 40dae Karakters Reeks | Erfenis |
| Kwartaal 4 | Hervorm | 10de Maand (Solas) | Kerssang |

Jona leef 800-750 voor Christus.

Assirië was hulle groot vyande en Jerobeam (793-753vC) was koning van Israel.

Jona het oorwinnings voorspel teen Sirië, maar dié oorwinnings het Israel trots op hulle self gemaak en hulle het vergeet waar hulle krag en hulp vandaan gekom het. Israel het gedink God sou hulle vyande straf en verdelg, maar nou stuur God Jona na Ninevé (hoofstad van Assirië) om hulle te waarsku, want Hy gee om vir alle mense.

Die hartseer is Ninevé het nie na God geluister nie en in 612 vC het God, volgens Nahum

die stad vernietig om nooit weer opgebou te word nie.

Onthou:

Ons doelwit by die Groeigroepe in 2026 is om in dié jaar elke groep **aan te moedig** (*soos Sondag se teks in Hebr 10 ons geleer het*), om ten minste een nuwe groeigroep te help begin, sonder om julle bestaande groep prys te gee.




**Verloop van byeenkomste**

1. **Lief en leed**:

Deel met mekaar hoe dit met elkeen gaan

2. **Gebed**
   Lees eers saam Mateus 5

43“*Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat.’*

44**Maar Ek sê vir julle**: Julle <u>moet</u> julle **vyande liefhê**, en **julle moet bid** vir dié wat vir julle
vervolg, 45sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel.
Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat
verkeerd doen. 46As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, watter loon kan julle dan nog verwag? Maak die
tollenaars nie ook maar net so nie? 47En as julle net julle broers groet, wat doen julle meer as ander?
Maak die heidene nie ook maar net so nie? 48“Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak
is.”

- Moeilike een dié: Bid vandag vir julle vyande.

3. **Gestuur**

Bid vir die Here - na wie toe Hy julle as individue of as groep stuur.

**Skrif:**

**Teks: (Lees die hele Jona 1:1-16 saam)**

**Kengedagte:**

- Wees lief

Deel met mekaar wat vir julle uitgestaan het in Jona 1:1-16

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________




**Skrif:**
**Teks: Jona 1**
Amittai, die profeet (2 Kon 14:25), kom uit Gat Gefer in die distrik van Zebulun ongeveer 900 voor Christus. Hy was die pa van Jona. Jona seun van Amittai het gedoen wat reg is in die oë van die Here, maar koning Jerobeam seun van Joas, het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here.

Wat dink julle is die hoofrede waarom mense kies om nie voluit vir God te lewe nie
(*soos Josua gekies het – ek en my huis sal die Here dien*).

Tog, ten spyte daarvan dat Jona as profeet optree en God dien, kies ook hy om eerder Tarsis (*Hawestad in Fenisië in suid Spanje*) toe te vlug" Dit is gesien as die einde van die bekende wêreld – hy kon nie verder wegvlug van God af nie. Vlug ons ook soms weg van God se opdragte?

God se opdrag verander egter nie. Geen NEE vir hierdie opdrag nie: JONA 3:2
"Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan met die boodskap wat Ek jou sal gee."
Die rede: Hoofstuk 4:11 "Maar Ek mag nie besorg wees oor die groot stad Nineve nie, 'n stad waarin daar meer as honderd en twintig duisend mense is wat nie weet wat reg of verkeerd is nie, en ook nog baie diere?" **Wat leer dit ons**?

**Huisgeloof- en groeigroepmateriaal**

Sondag 15 Maart 2026
Tema: **(Dis)Connect**




Hoe het Jesus die opdrag van Sy Vader uitgevoer vir moordenaars, verkragters, rowers... vir jou en my?

*FILIPPENSE 2:8 " het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis."*

**Konkrete daad:**

- God is gehoorsaam aan Homself. Hy vra dit ook van ons. die woorde: "want so lief het God die wêreld..." geld steeds in 2026. Ons roeping bly ook – Gehoorsaam tot in die dood.
- **(Dis)Connect – Wanneer ons verbind bly om te doen wat reg is, deur God se wil te doen, lei tot seën. Maar as ons kies om nie God se stem, roeping, opdrag, wil te volg en doen nie, lei tot gevolge.**

**<u>Afsluitingsweek</u>**

**<u>Admin:</u>**

- Maak asb seker dat julle die nuwe groep wat julle begin het se inligting aan de spanleier deurgegee het.
- Maak ook skeer dat die spanleier julle fotos het van die stuursel en nuwe groep asseblief.
- Die volgende Groeigroep leier byeenkoms is DV Woensdag 6 April by Da Gama kampus in die vierkant. (Nooi asb die groepleier van die nuwe groep saam).

**<u>Gebed</u>**

---